Die TBK se Nuusbrief

No. 2/2015

"**Die Long-Drop**"

Ek, die Great Dane en die hoendertjie

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865, HERCULES, 0030

Ek hoop almal geniet die nuusbrief.
Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan: pdejager@mweb.co.za in "Word"-formaat asseblief. Faks: 086 548 6704
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org

*As u sou belangstel om **musiek van die boere** te kry soos deur die TBK versprei, dan is Sias Erasmus die man om te kontak … Tel 012 379 1745, 083 948 2987, Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082. E-pos dualcon@vodamail.co.za Bankbesonderhede – TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekeningnommer 090281062.*

Graag wil ek 'n versoek rig aan alle debiet- en aftrekorder lede om, nadat julle hierdie nuusbrief ontvang het, die laserskyf lys deur te gaan, my te skakel en die laserskywe wat julle nie het nie, aan my deur te gee sodat ek dit vir julle kan aanstuur. Ek sal dit alfabeties aanteken sodat ek dit so spoedig moontlik kan aanstuur. Indien u nie kan skakel nie, stuur vir my 'n brief met u versoek na die TBK se adres of stuur 'n e-pos na Dualcon@vodamail.co.za.

LEDEGELD EN INLIGTING

Lede word daaraan herinner om hul agterstallige ledegeld op datum te hou. Die lidmaatskapfooi beloop R75,00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet gestuur word aan martindorfling.boeremusiek@gmail.com, of Posbus 59691, Kengray, 2100. **Skryf asseblief u lid- of identiteitsnommer en woon- of posadres op die bewys van betaling**.

Neem asseblief kennis van die debietorder prysverhoging vanaf 1 November 2015:

R20,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R27,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R35,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R42,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae het aangaande die skrywe, kan hul vry voel om Martin Dorfling te kontak by 082 542 1908 of per e-pos martindorfling.boeremusiek@gmail.com.

Maak seker dat jy 'n goeie naam het, want dit is al wat ná jou dood agterbly; dit hou langer as duisend vragte goud.
- Wysheid van Ben Sirag -

Hier volg die datums van byeenkomste, asook die jaarvergaderings, in donker gedruk, asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2016

TBK Byeenkomste vir 2016						
Wesrand	**Pretoria**	**Oosrand**	**Vaal-Driehoek**	**Goudveld**	**Bloem-fontein**	**Weskaap**
30 Jan	**20 Feb**	13 Feb	**6 Feb**	30 Jan	**TAK AKTIEF. Kontak Johan Gouws vir datums.**	
7 Mei	14 Mei	28 Mei	2 April	30 April		
3 Sep	20 Aug	**24 Sep**	27 Aug	27 Aug		
3 Des	**8 Okt**	6 Nov	26 Nov	26 Nov		
	12 Nov					
Flip Snyman	Hennie Bezuiden-hout	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger		Daantjie Kotzé
011 955 3615	012 377 1072	011 615 2082	016 932 1897	057 398 1022	051 522 2593	084 619 4616
082 624 5308	082 414 4014	082 542 1908	076 389 7079	084 598 1022	084 454 0404	082 923 5875

Luister gerus na “Uit ons Boeremusiek Skatkis” Tradisionele Boeremusiekprogram op Pretoria FM (aanlyn op www.pretoriafm.co.za of DSTV musiekkanaal 887) aangebied deur oom Danie Labuschagne en Ds. Lourens Aucamp Vrydagaande om 19:15. Die heruitsending is Saterdagoggende net na 05:00.

Besoek gerus die TBK se Facebook blad. Dit dien as ‘n platform waar Boeremusiekliefhebbers inligting deel rakende die musiek, geskiedenis asook ander interessanthede. Die bladsy se naam is “Tradisionele Boeremusiek Klub”.

Om ryk te wees, bring nie tevredenheid mee nie, maar om tevrede te wees, is rykdom.
- KarlHeinz Karius -

ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV) VAN DIE TBK VAN SA

Kennisgewing geskied hiermee van die Algemene Jaarvergadering van die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid Afrika. Verrigtinge begin om 17:00 (5 nm) op 10 Oktober 2015 in die Pretoria-Noord Stadsaal, Pretoria-Noord. Baie dankie vir u samewerking.

VERRIGTINGE BEGIN OM 17:00

a) Opening en Verwelkoming
b) Notules van die vorige AJV
c) Finansiële verslag
d) Jaarverslae deur die Takvoorsitters
e) Jaarverslag van die Voorsitter van die TBK
f) Verkiesing van die Voorsitter en hoofkomiteelede
g) Algemeen
h) Afsluiting

NOTULES VAN DIE AJV VAN DIE TBK GEHOU OP 4 OKTOBER 2014 TE PRETORIA

1. Opening en verwelkoming: J. Vlok open verrigtinge met skriflesing en gebed om 17:18.
2. Presensie: Die aanwesiges vorm ‘n kworum.
3. Notule van vorige vergadering: Word voorgelees deur S. van Zyl en deur talle mosies en sekondante aanvaar.
4. Finansies: J. Vlok lewer finansiële verslag. Ouditeur Van Damme word heraangestel.
5. Takverslae: M. Dorfling lewer verslag van die Oosrand-tak, W. Jooste van die Wesrand-tak, W. Badenhorst van die Vaaldriehoek-tak, A. Burger van die Goudveld-tak en H. Bezuidenhout van die Pretoria-tak.
6. Voorsittersverslag gelewer deur F. Snyman.
7. Oorhandiging van toekennings en oorkondes vind plaas.
8. Verkiesing van nuwe voorsitter: F. Snyman word eenparig herverkies.
9. Verkiesing van nuwe bestuur: Die bestuur bly onveranderd met M. Dorfling ondervoorsitter, S. van Zyl sekretaris, J. Vlok penningmeester en A. Dorfling, S. Erasmus, R. Viljoen, H. Bezuidenhout en S. Minnie as gewone lede.
10. Afsluiting: Die vergadering verdaag om 18:00.

I N M E M O R I A M

Dit is met leedwese dat ons van die volgende lede moes afskeid neem:

James Boucher Manie Groenewald Lucky de Beer Chrissie van Tonder

Alle simpatie ook aan almal wat naasbestaandes aan die dood moes afstaan.

SKRYWE ONTVANG

Nuus uit Natal

My eggenoot, Caroline, het met pensioen geggaan einde Junie 2015, so jaar na my en ons het na die Suidkus verhuis waar ons ‘n blyplekkie gekry het. Gedurende Julie 2015 was ek baie verras toe Flip en Dalene Snyman hul opwagting by ons aan huis gemaak het. Daar was toe sommer lekker gekuier. Dries en Adri du Plessis, wat ook aan die Suidkus bly, was toe gekontak en daar is toe op ‘n Saterdag toe daar nie rugby was nie, lekker gekuier om die braaivleisvuur tot laaaaat! Ons het daarna weer saam gekuier en ons verlang na ons vriende daar bo. Sien julle binnekort!
As daar enige persoon is wat in ons omgewing is wat Boeremusiekliefhebbers is, kan hulle gerus vir my of Dries skakel. My nommer is: 082 714 0390. Dries se nommer is: 082 415 8095

Boeremusiekgroete
Reinier van Tonder

Ek, die Great Dane en die hoendertjie
Dagsê vriende. Hierdie is ‘n ware verhaal wat ek graag met julle wil deel – met toestemming van die slagoffer.
Dit het iewers in die tagtiger jare in ‘n Desember in die Vaalwater-distrik op die plaas gebeur. Ons het op ‘n troue musiek gemaak en na die aand se verrigtinge, is ons na die Plaas Wildeman van oorlede oom Faber om te oornag. Op die plaas was ‘n groot Great Dane hond wat altyd net wou speel of paar. Hy was so groot, hy kan jou met gemak van opgewondenheid sommer deur die kar se venster natlek of natmaak. Ek was vrek bang vir die hond. In die vroeë oggendure het die natuur geroep en ek het met die kersie in die hand, in die donker, voetjie vir voetjie na die gemakhuisie (long-drop) beweeg om so min as moontlik aandag te trek of om die hond wakker te maak. Die gemakhuisie se deur was so amper toe en ek het hom so sag moonlik probeer oopmaak, want die hond moes nie wakker word nie. Die deur was ‘n redelike ou houtdeur en geroes op die

skaniere wat baie gekraak het as jy hom oop of toemaak. Ek moes alles so vinnig moontlik en so sag as moontlik doen want die nood was groot. So met die nommer 12 voete skuif ek baie saggies in die huisie in, maar ek het nie geweet van die kapok-hoendertjie wat in die gemakhuisie gesit en broei het nie. So per ongeluk het ek met die nommer 12 voet bo-op die hoendertjie getrap en die res is geskiedenis. Ek weet nou nog nie wie van ons drie was die vuilste nie - ek, die hoendertjie of die gemakhuisie nie!
Dit was nie ‘n grap om drie-uur in die oggend met ‘n emmer water die gemakhuisie skoon te maak sodat die ander gaste hom ook die oggend kon gebruik as hulle opstaan nie.
Met die toestemming van Danie Grey plaas ons die artikel.

Indien daar nog sulke staaltjies is, sal ons graag van hulle wil plaas sodat die ander lede ook saam met ons kan lag. Julle moet dit net vir ons aanstuur.
Oom Doktor Ed Retief het ook jare terug in ‘n nuusbrief geskyf hy kon nie mooi agterkom of hy vir oom Nick Potgieter as ‘n verwaarloosde sneeuman of ‘n hoenderdief moes klassifiseer nie. Ek besit die nuusbrief.
Oom Nick was ‘n wonderlike man, ek het die voorreg gehad om by hom aan tafel te sit in Esselin Park. Wonderlike tye saam met die Tradisionele Boeremusiek Klub van Suid Afrika.

Groete uit Pretoria
Sias Erasmus.

SKRYWE ONTVANG VANAF TAKKE

BLOEMFONTEIN-TAK

Notule van vergadering gehou te Bloemfontein op 03 Junie 2015
Besprekingspunte:

1. Herinstelling van TBK Bloemfontein-Tak
2. Kies van Voorsitter vir TBK Bloemfontein-Tak
3. Posbeskrywings van lede teenwoordig

Die lede wat hierin verteenwoordig word, het ooreengekom op die voortbestaan van die TBK en die uitvoerende funksies van elkeen soos volg uiteengesit met besonderhede aangeheg:

Waarom jou moeg dink aan wat moontlik volgende jaar kan gebeur? Waarom jou kwel oor môre as vandag nog aan die gang is? Leef een dag op ’n slag.
- Hentie Krüger -

Voorsitter: Johan Gouws, Haldonweg 34A, Bfn, 9301, Sekretaresse: Lettie Heyman, Haldonweg 34A, Bfn, 9301, Ondervoorsitter: Jan Stolk, Buhrmanstraat 9, Aandrus, Bfn, 9301, Martiens Jansen van Vuuren, Welgedacht Aftree-oord 106, Bfn, 9301, Braaimeester: Kosie Jansen van Vuuren, Rosenheim Aftree-oord 3, Bfn, 9301 en Penningmeester en Klankman: Nico Wepener, Boonstrastraat 7, Bfn, 9301.

Die hoofdoel van die herinstelling van die fuksies van die TBK is om die voortbestaan van boeremusiek in SA te verseker en die getroue luisteraars daarvan die blootstelling te gee aan orkeste wat onomwonde bereid is om hierdie tradisie voort te sit.
Ons het dus met hierdie doel ten dagte vir Mnr. Johan Gouws aangestel as Voorsitter van die TBK Bloemfontein-Tak en die ander belanghebbendes elkeen in ‘n posbeskrywing soos bo ingestem. Die orkes sal voortaan funksioneer onder die naam “Uitspan Boereorkes”.
Graag wil ons net verneem van die huidige bestaande oorsiener van die klankstelsel en braaiers, wat die stand van sake is ten opsigte van die verkryging van die stelsel, braaiers en hoe die finansies tans daarna uitsien?
Navrae kan per e-pos gerig word aan nico@raservices.co.za of gefaks word na 0866090670. Kontak gerus vir Johan Gouws by 051 522 2593 of 084 454 0404.
Die vergadering verdaag en verskeie take word uitgedeel aan alle relevante posbeskrywings.

OOSRAND-TAK

Goeie dag liewe TBK vriende

Ek hoop dat dit met julle almal goed gaan. So ja, hier staan ons op die stert van 2015. 2015 was wel ‘n groot jaar vir almal van ons en sonder die hulp van ons Hemelse Vader sou ons dit nie kon vermag nie.

Die Oosrand-tak het suksesvolle byeenkomste gehad die jaar, met goeie opkomste. Baie dankie aan ons getroue ondersteuners. Aan die wat nog nie ‘n draai kom maak nie, wil ek graag uitnooi. Miskien is daar iets wat julle mis!!!

Dit is met leedwese wat ons ook moet verneem van die afsterwe van James Boucher wat gereeld by ons opgetree het. Die klanke van sy konsertina en vrolike geaardheid sal voorwaar gemis word.

Ek wil ook van die geleenheid gebruik maak om my bestuur te bedank wat bankvas agter my staan. ‘n Voorsitter is net so goed soos sy bestuur is, en die Oosrand-tak se bestuur is puik.

Ek sien daarna uit om julle op ons funksies te sien!!!
Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar.

Groete van huis tot huis
Martin F. Dorfling

PRETORIA-TAK

Dagsê aan al die getroue boeremusiekliefhebbers. Die jaar het skaars begin of ons is alweer in Augustusmaand.

Die Pretoria-tak is baie geseënd in dié sin dat ons funksies almal treffers was. Ons bedank die komitee vir harde werk, ons lede, ons ondersteuners en laaste, maar nie die minste nie, ons musikante wat altyd gewillig is om ons te vergas met uithaler musiek en hulle teenwoordigheid.

Ons het ook verneem van geliefdes wat ons verloor het in hierdie jaar, naamlik Mnr de Beer (Tersia in die rolstoel se pa) op 23 Julie 2015. Ons geliefde Chrissie van Tonder, (wie vergeet haar en oorlede Fred (Rooies) se liefde vir die byeenkomste) wat in Februarie 2015, na ‘n lyding met kanker, huistoe gegaan het.

In die tussentyd is daar ook ‘n kankergewas van Nico Blom se nier verwyder. Dit gaan op die oomblik goed met hom en hy herstel bo verwagting goed. Ons het ook verneem van Ds. Lourens Auckamp se probleem, en ons wens hom en alle ander krankes wat ons van weet en dié wat ons nie van weet nie, ‘n spoedige en volkome herstel toe. Hennie Bezuidenhout het ook ‘n ligte hartaanval gehad, maar na ‘n “veertjie” ingeplant is, is hy alweer volstoom aan die werk. Ons dank die Heer vir al Sy genade aan almal.

Teen die tyd dat u hierdie nuusbrief ontvang het, ons al ons 1ste byeenkoms te Pretoria-Noord Stadsaal gehou het. Ons hoop dat u ons daar sal ondersteun soos in die verlede.

Ons volgende funksie is die AJV op 10 Oktober 2015 hier plaaslik en ons laaste funksie vir hierdie jaar vind plaas op 7 November 2015.

Ons wens een en almal ‘n Geseënde Kersfees toe en ‘n wonderlike nuwe jaar. Mag een en almal in die lewe bly sodat ons almal weer volgende jaar saam kan kuier.

Boeregroete van huis tot huis
Hennie Bezuidenhout

VAALDRIEHOEK-TAK

Liewe Boeremusiek vriende, baie dankie weereens vir die geleentheid om nuus uit die Vaal te kan gee. Baie dankie Hoofbestuur wat die tak weer aan ons toevertrou het.
Die eerste funksie het regtig baie mooi afgeloop en ons kon in die groen afsluit. Baie geluk aan die komitee wat weer herkies is. Met oë gerig na Bo, kan ons weer die jaar positief aanpak. Baie dankie vir die kringetjie gebed voor en na die funksie. Ons weet beslis waar kom ons sukses vandaan. Dankie dat almal so mooi saamwerk.
Die Vaaldriehoek-tak verskil tog in ‘n mate van ander takke. Ek wil hê dat elke orkes in die Vaal weet dat die tak nie net aan een persoon of een orkes behoort nie. Dit is ons Klub waar ons voor onse eie mense ons talente kan ten toon stel. Ek probeer van my kant af al die orkeste regverdig behandel. In my persoonlike oog is daar geen swak musikant nie. Almal speel goed genoeg om hul plek vol te staan, net waar hul ‘n beurt kry om te speel.
Dankie aan ons publiek wat ons ondersteun. Die goeie gedrag van mense wat ek nie kan miskyk nie. Dankie dat jul ons perseel saam met my oppas. Dankie dat ek nog nie nodig gehad het om ‘n persoon te verwyder nie. Kom ons hou so aan liewe vriende.
As daar enige iets is om ons funksies te verbeter, is enige persoon welkom om dit onder my aandag te bring. Ek is ook net ‘n mens met baie foute. Ek sal enige raad aanvaar om dit so lekker as moontlik te maak vir ons musikante en vir die publiek wat ons besoek. Baie dankie ook vir alle skenkings wat ons deur die jare ontvang het. Ek wil ‘n gelukkige en vriendelike funksie aanbied. Kom en help ons komitee deur meer mense te nooi om ons funksies by te woon. Met almal se hulp kan ons die saal vol kry. Dink net aan die mooi prentjie … mooi en al die glimlagte …

Liewe vriende,julle moet nie die laaste funksie 31 Oktober 2015 vergeet nie. JA JA dan is ons Vaaldriehoek-tak 21-jaar oud. Ons het twee spesiale gaste wat gaan optree – Danie Grey en Stephaan van Zyl. Wat ‘n eer vir ons om hul op onse verhoog te sien. Ons sien daarna uit om daardie dag vir almal met groot liefde te ontvang.
Nou ‘n stukkie spog met die Vaaldriehoek laserskyf. Die plaaslikke radiostasie I.F.M. het ‘n Top 5 Boeretreffers kompetisie waar die publiek die Top 5 self instem. Dit is ‘n algemene kompetisie, m.a.w. Kitaar musiek, Moderne en Tradisionele Boeremusiek. Dis nie maklik om op die Top 5 in te kom nie. Die kompetisie is baie styf. Baie geluk

Vaaldriehoek!!!! Om net op te kom is ‘n prestasie. Ons het drie snitte van ons laserskyf wat op die Top 5 presteer! Die traporreltjie het eerste plek behaal op 18 Junie 2015. Ek is baie trots op elke musikant wat op die laserskyf gespeel het.
Ons moet van 2016 ‘n groot sukses maak. Ek kan dit net doen met almal se steun. Ek nooi almal hartelik uit na ons funksies vir 2016 – sien bladsy 3. Dankie ook aan onse Vader om die tak so mooi te laat funksioneer.
Ek wil namens myself en die Vaaldriehoek klub ons meegevoel oordra aan tannie Dina, kinders en familie met die afsterwe van Oom James Boucher die 26ste Junie 2015. Dit is ‘n groot verlies vir ons orkes en vir die tak. Hy sal altyd in ons harte bly. Tannie Dina Boucher wil net almal bedank vir die blomme, oproepe, en smse en ondersteuning wat sy ontvang het na oom James se afsterwe.
Ek wil dit graag weer beklemtoon dat Onse Hemelse Vader steeds aan die hoof staan van die Vaaldriehoek-tak. Mag ek almal wat die brief lees, ‘n baie Geseënde Feestyd en ‘n voorspoedige 2016 toewens, vol van liefde en geluk.

Groete
Willie Badenhorst

WESRAND-TAK

Sedert ons laaste nuusbrief 1/2015 wat Maart maand verskyn het, het die Wesrand-tak van die TBK op die 7de Mei sy 22ste verjaarsdag gevier. Die byeenkoms was weer baie suksesvol.
Hannes Schoeman, Stephaan van Zyl, Die Lekker Kêrels en die ander musikante het musiek van hoogstaande gehalte gelewer. Die saal was pragtig versier deur die dames wat baie hard gewerk het en sommer ‘n partytjie atmosfeer geskep het. Dan was daar van die manne wat vooraf agter die skerms die harde werk gedoen het en ook tydens die beurtkrag, wat toe net na ons byeenkoms begin het, plaasgevind het. Hulle het sommer vinnig met die kragopwekker die nodige krag voorsien en die aand gered.
Tydens die byeenkoms het ons ook ons jaarvergadering gehou. Die volgende lede was toe verkies: Flip en Dalene Snyman, Bokkie en Nettie Kruger, Willem en Elize Jooste, Willem Jooste jnr. en Alicia, FC Smit en Annatjie Blignaut, Gerrit Jooste en Jeanine asook Tommie en Renier Maritz.
Gedurende die winter het ons maar uit die koue gebly en ons volgende byeenkoms was ‘n lentedans gewees op die 5de September. Die laaste byeenkoms van die jaar sal weer op die 5de Desember gehou word wat weer ‘n hoogtepunt sal wees. Hou die datum dop!

Flip Snyman

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan ‘n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Nandie Lawrence het twee trekklaviere *te koop.* Albei is in ‘n uitstekende toestand. Kontaknommer 082 375 6151.

Hennie Venter het ‘n huisorrel *te koop*. Kontaknommer 082 423 1009.

Oom Danie Labuschagne bou Boerekonsertinas van uitstaande gehalte. Kontaknommer (012) 379-2904 of 072 155 2696.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo’s en kitare. Kontaknommer (011) 955-3615.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor ‘n handleiding oor hoe om ‘n konsertina te bespeel. Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.

Die Nasionale Voorsitter se Kers - en Nuwejaarsboodskap vir 2015

Dit is vir my ‘n baie groot voorreg om aan elkeen van u en u familie ‘n baie geseënde feestyd toe te wens. Laat ons dit op die gepaste wyse vier.
Ons vra ook ons Hemelse Vader dat 2016 baie voorspoedig en vol seëninge vir ons almal sal wees. Mag u almal goeie gesondheid, geluk en wonderlike tye van saamwees met u geliefdes beleef.

Boeremusiekgroete
Flip Snyman

KATALOGUS – 2015

Laserskywe beskikbaar

Boeretroos uit die Vaaldriehoek	R90-00
Versamelgoed no. 1 (Dubbel laserskyf, verskeie musikante)	R120-00
Versamelgoed no. 2 (Willie Badenhorst)	R90-00
Versamelgoed no. 3 (Namakwalanders)	R90-00
Versamelgoed no. 4 (Die Sandvelders)	R90-00
Versamelgoed no. 5 (Lourens van Zyl)	R90-00
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R90-00
Die Kaapland Boereorkes	R90-00
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R90-00
Die Lekker Kêrels	R90-00
Die Stoepsitters – Appelbloeisels	R90-00
Die Wakis Orkes	R90-00
Outydse Potjiekos (Vol. 5)	R90-00
Potjiekos (Vol. 6)	R90-00
Piet Botes en sy konsertina	R90-00
Piet Snyman en Vriende	R90-00
Traporrel en Mondfluit (C. Leeson en H. Buitendag)	R90-00
Hans la Grange (Vol. 2)	R90-00
Hans la Grange (Vol. 3)	R90-00
Hans la Grange (Vol. 4)	R90-00
Hans la Grange (Vol. 5)	R90-00

Nuwe Vrystellings:

Hugo, Lourens en Quintin speel Outydse Musiek (Vol. 1)	R90-00

Herdrukte laserskywe:

Hans la Grange (Vol. 1)	R90-00
Hans la Grange (Vol. 2)	R90-00
Hannes Viljoen (Vol. 1)	R90-00
Die Vier Transvalers	R90-00

Kontak vir Sias Erasmus in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Posgeld per posstuk beloop minstens R40-00.